

Mediaverklaring

Krag van skole ontsluit deur groter selfstandigheid

2022/06/22

Groter selfstandigheid van skole is belangrik vir die volhoubaarheid van skole se unieke karakter, moedertaalonderrig en strewe na uitnemendheid. Afrikaanse skole gedy a.g.v. die toewyding van onderwysers en leerders, maar kan dit nie sonder goeie leierskap bereik nie.

Dit is een van die temas waaroor die leierskorps van skole koppe bymekaargesit het tydens die eerste dag van die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Nasionale Kongres wat van 21 tot 23 Junie by die Accolades Konferensiesentrum in Midrand gehou word. Die eerste dag is spesiaal vir die leierskorps van skole opsy gesit, waar hulle die volhoubaarheid van uitnemende onderwys d.m.v. groter selfstandigheid deurdink het.

Melanie Buys, hoof van ontwikkeling by die SOS, benadruk dat skole en skoolgemeenskappe soms die mag wat hulle binne die bestaande regsraamwerk het, onderskat. "Ouerbetrokkenheid was en is nog altyd deel van Afrikaanse skole se suksesresep. Verskeie strategieë kan gevolg om groter selfstandigheid te bevorder. Die eerste is deur die skep van 'n gemeenskapsfonds," sê Buys. "Verder kan daar ook gekyk word na die registrasie van 'n skool se handelsmerk en laastens deur onderwysers se kapasiteit te optimaliseer deur benutting van tegnologie soos Die Volksskool."

Mr. Panyaza Lesufi se uitlatings gister tydens 'n sitting van die Gautengse wetgewer dat die Belakonsempwet daarop gemik is om Afrikaanse skole te transformeer, bevestig die belangrikheid daarvan om skole meer staatsbestand te maak.

Volgens dr. Theuns Eloff van die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO), is Afrikaanse onderwys se belangrikste doelwit om sover as moontlik selfstandig te wees. "Hierdie selfstandigheid lê nie net in onafhanklike skole nie (daarin ook), maar in Afrikaanse skole se dissipline, toegewydheid en volgehoue kwaliteit."

"Nuwe tegnologie, 'n nuwe kulturele energie onder die Afrikaanse gemeenskap en die veerkragtigheid van jongmense maak 'n bedeling wat meer staatsbestand is meer moontlik as ooit tevore. Dieselfde drie elemente stel ons ook in staat om onderwysantwoorde anderkant die staat in 'n onafhanklike omgewing te kry," sê dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit. "Staatsbestand as dit kan, en anderkant die staat as dit moet."

Vir alle medianavrae:

